

HOOFSTUK XIII.

DIE TRANSVAALSE DEPUTASIE.

Hieromtrent het Ds. Du Toit die volgende belangwekkende biesonderhede laat opteken : „Die oorsprong van die deputasie was geheime vergaderings saans gehou in die huis van hoofregter Kotzé, waarbij teënwoordig was : die president, sommige uitvoerende raadslede, enige hoofambtenare en omtrent $\frac{3}{4}$ van die volksraad. Afwesig was genl. Joubert met enige sterke aanhangers en mur. Jan Celliers sowel als voormanne van die Hollandse samelewing. Dit was dus 'n soort van caucus-vergadering.

„Ik was voorsitter en op die vergaderings is toen besluit : 1) om 'n deputasie naar Engeland te stuur, wat a) sou probeer om die Pretoria-Konvensie hersien te krij en veral sou aandring op wegneming van die susereiniteit, b) 'n lening sou sluit van $\frac{1}{2}$ miljoen pond vir 'n Nasionale bank,* c) 'n konsessie sou uitgee vir 'n spoorweg vanaf die Portugése grens, d) traktate van vriendskap en koophandel sou sluit met andere mogendhede; 2) dat die deputasie sou bestaan uit pres. Kruger en Genl. Smit en mijself. President Kruger het duidelik gesê, dat hij nie sonder mij wou gaan nie; — 3) om 'n gepromoveerde regsgeleerde uit Holland te bring als staatsprokureur in plaas van Dr. Jorissen. Dr. Jorissen was toen al lang in Europa en skrijwe vandaar, dat hij nie sal terugkom nie, voordat die konvensie hersien en ander nodige werk gedaan is.

„Met eenparige stemme werd ons tot deputasie gekies. Om geld te bespaar het ons g'n sekretaris geneem nie. Mnr. E. Esselen, wat toen op studie was

* In 1883 het die finansiële kommissie van die volksraad hul rapport gepubliseer, waarin op die punt van die „Bankkonsessie” voorgesteel werd om liewer 'n nasionale bank op te rig en dat 'n deputasie sal benoem word om die geld in Nederland te gaan leen. Dit werd aangeneem. Van die kommissie was Hoofregter Kotzé voorsitter en Ds. Du Toit sekretaris. Die Rapport is in sijn geheel te vinde in die brosjure van Dr. Jorissen: „Mijn Advies over het Rapport der Volksraad-commissie in zake Bank-Concessie enz.”

in Skotland, werd daarvoor aangesog. Ondertussen moes ik sorg vir al die dokumente en papiere, wat op onse sending betrekking had. Op order van die president werd dan ook afskrifte gemaak.

„Bij aankoms te Madeira was daar baing briewe, wat duidelik laat sien, dat die deputasie met betrekking tot die finansiële sij van hul sending sou bestorm word met aanvraë van konsessionarisse en spekulateurs, o.a. was daar briewe van McMurdo en Unger oor die Delgo spoorweg, wat moeilikhede voorspel. Toen ik dit sien het ik die posisie aan mijn medeledede aldus voorgestel: Finansiële foute word nie lig deur 'n volk vergewe nie en ons is g'n geldmanne nie; daarom is mijn voorstel dat ons die staatkundige deel van onse sending tot fondament sal neem; dat ons alle finansiële sake sal laat rus totdat eers die hersiening van die konvensie, die herkrijging van onafhankelikeid en, op grond daarvan, die sluiting van traktate met andere, mogendhede in orde sal wees. Die ander lede stem daarmee saam.

„Die brief van McMurdo, 'n Amerikaan, was in kort van hierdie inhoud: 1) hij (McM.) het van die Portugése regering 'n konsessie gekrij om die spoorlijn te bouw van Delgo tot die Transvaalse grens; 2) hij was blij om te vernem dat onse deputasie volmag het om 'n konsessie te gee vir 'n lijn van die grens naar Pretoria; 3) hij weet dat deur bemiddeling van Machado 'n verdrag gesluit is tussen Portugal en die Transvaal, waarbij die partije sig wedersijds verbind als een van die twee 'n konsessie gee tot bouw van sijn deel van die lijn, dat die ander dan sijn aandeel ook aan dieselfde konsessionaris moet gee; 4) op grond daarvan is ons verplig aan hom die konsessie te gee en hij gee kennis, dat hij ons in verband daarmee in London sal ontmoet.

„Op mijn vraag aan die president of hij werkelijk so'n traktaat met Portugal gesluit het, waardeur ons in 'n allermoeilikste posisie geplaas was teënoor McMurdo, antwoord hij: „nee,.....ik is mos nie so dom nie om so'n verdrag te maak.

„Ik hervat toe: „president sê mij nou kort hoedanig dan die konsessie is wat jul gemaak het.” Ik wis namelijk dat die president so'n sterke geheue had. Hij antwoord: „onse ooreenkoms is net omgekeerd: dat albei partije hul verbind om g'n konsessie te gee aan enige applikant voor en aler die applikant ook met die ander partij tot 'n ooreenkoms gekom het.

„Daarop gaan ik die papiere deursnuffel en krijg die bedoelde stuk. En, jawel, daar staan dit letterlik soos McMurdo dit opgegee het. Toen ik dit die president voorlees was hij verbaas en sê driftig: „Daar's fout—.....“

„In London aangekom was die koningin net in Skotland. Ons had dus nie nodig om ons respek als suscrein aan haar te betoon nie. Ons maak onse opwagting bij Lord Derby, toen minister van kolonies en mnr. Gladstone als premier, nadat ons 'n memorandum ingestuur het, waarin ons blootleg op watter punte ons hersiening van die konvensie verlang: 1) wegneming van susereiniteit, wat in sig sluit opheffing a) van Engeland's mag om 'n resident in Pretoria te hou, b) van kontrole oor alle naturelle-sake, c) van vryheid om troepe deur te voer ens.; 2) kwijskelding van oorlogskuld; 3) regeling van die westergrens-kwessie (Stellaland en Gosen).

„Bij 'n onderhoud met mnr. Gladstone het hij ons dadelik gesê, dat hij alles sal gee wat ons verlang, behalwe wat ons vraag ten opsigte van die westergrens. Op die laaste punt was die gevoel in Engeland te sterk, opgesweep deur die Exeter-Hall-partij, onder leiding van sendeling McKensie, gesteun deur Sir H. Robinson, toen hoge kommissaris en mnr. Scanlen, toen premier van die Kaapkolonie.

„Die westergrenskwessie het ons 4½ maand besiggehou. Naderhand moes ons 'n skikking aangaan deur bemiddeling van Sir H. Robinson. Teënoor die agiterende partij het ik destijds 'n adres geskrywe met behulp van Dr. A. Kuyper, wat ons vername dienste bewijs het,* hoewel jhr. Beelaerts van Blokland die regterlike adviseur was.

„Die vraag is dikwels in Transvaal en elders gedaan of in die Londense Konvensie die susereiniteit opgehef werd, omdat dit nie direk daarin geseg was nie, maar alleen artikels daarop betrekking hebbend geskrap was; op die punt is 'n historiese biesonderheid van belang.

* Die titel van die geskrif is: Address to the Members of the Anti-Slavery and Aborigines Protection Societies upon the native Question by the Transvaal Deputation. Die pamflet bestaan uit 16 bls. Prof. De Louter sê in sijn "Transvaalse Deputasie": "in een krachtig en waardig protest, waarin de geoefende hand van Dr. A. Kuyper niet te miskennen valt, heeft de deputatie tijdens haar verblijf te Londen deze onwaardige betichting (dat de Boeren slavernij bevorderden) afdoend weerlegd" (bl. 21).

„Lord Derby het ons meegedeel, dat die hersiening van die Konvensie op alle andere punte in sijn mag is, maar opheffing van susereiniteit is prerogatief van die kroon, en daartoe is persoonlike goedkeuring van die koningin nodig. Op die punt was hij versigtig, want bij die afstand van susereiniteit oor Afganistan kort te vore was daar 'n ernstige botsing tussen Gladstone s'n ministerie en die koningin.

„Tweemaal het onderhandelinge so kritiek gewees dat die president dit afgebreek het, met voorneme om huistoe te gaan, die Konvensie aan Engeland terug te stuur, op gevaar af van 'n nuwe oorlog. Met toestemming van mijn medelede het ik al twee keer die onderhandelinge weer aangeknoop, wat ook later met sukses bekroon werd.

„Toen die Konvensie hersien was, was Holland, België en andere lande klaar om die deputasie feestelik te ontvang. Terwijl die formaliteite nog deurgegaan werd, het ik met verlof van mijn 2 medelede vooraf incognito naar Holland gegaan, gewapend met instruksies en alle finansiële gegewens. Daarmee het ik gegaan naar Mr. Mees, pres. van die Ned. Bank en het hom gevraag om ons 'n finans. konsortium van advies same te stel. Dit werd bereidwillig gedaan. Die konsortium het bestaan uit 12 lede, insluitende Mr. Mees, Mr. N. G. Pierson, toen prof. van staathuishoudkunde, De Marez Oyens en andere van die ver naamste finans. autoriteite. Met hulle het ik alles nouwkeurig nagegaan. Inderdaad op hul advies werd verder gehandel.

„Die gee van 'n spoorweg konsessie deur Portugal aan McMurdo van Delgo naar onse grens sonder enige waarborg vir die werking van die lijn als dit verleng word naar Pretoria, het die saak baie bemoelik. Dit was een van die redene waarom onse adviseurs 'n wijsiging in die instruksie voorgestel het, n.l. om net omgekeerd die nasionale bank als 'n konsessie te gee en 'n lening te sluit vir die spoorweg.

„Maar toen lê McMurdo ons dwars in die maag, want hij had 'n absolute monopolie vir aanleg en eksplöitatie van die 45 mijle Portugése spoor. Oor die endjie kon hij dus vraag vir vervoer net wat hij wil en kon aldus al onse voordeel van onse lijn insluk. Natuurlik 'n onmolike posisie. Ons besluit om met mnr. Maarschalk als spoorwegadviseur naar Lissabon te gaan en bestel mnr. McMurdo daar. Die onderhoud

het plaasgevind tussen mnr. Maarschalk en mij enerzijds en mnr. McMurdo en sijn saakwaarnemer, Jean Bourneay, aan die ander kant.

„Na mijn verduideliking, dat sijn konsessie-aanvraag moeite vir ons gee, het ik aan McMurdo voorgehou dat ons, als hij op sijn punt staan, tog nie ons lijn sal kan bouw nie en sijne dus ook maar 'n witte olifant sal blij in 'n ongesonde woestijn. Ons was ewewet bereid met hom 'n tariefregeling aan te gaan, waarbij ons wedersijds ooreenkom, dat hij tot 25% meer kan vraag op vervoer oor sijn lijn als ons. Hij antwoord: „dankie wel, ik het die sleutel in mijn hand en ik sal nie so dom wees nie om dit aan jul te gee.”

„Die onderhandeling het misluk. Ons moes toen 'n ander plan maak en van die Portugése regering probeer verkrij: 1) dispensasie van die bepaling in 'n ooreenkoms gesluit tussen Transvaal en Portugal deur bemiddeling van Machado, n.l. dat Transvaal aan dieselfde konsessionaris als Portugal die spoorverlenging van die grens naar Pretoria moet gee; 2) 'n konsessie vir 'n perdetram van Delgo naar onse grens ingeval McMurdo vir sijn deel van die lijn te hoë tariewe maak. Die twee punte werd met moeite verkrij en 'n nuwe traktaat met Portugal gesluit. Daarop werd 'n lening in Holland uitgeskrijwe vir die spoorweg,* maar dit het misluk, vernameelik wegens die moeite met McMurdo. Daarop het ons besluit, op advies van onse raadsmanne, 'n konsessie te gee vir die trein aan mnre. Groll en Maarschalk, twee oue spoorwegmanne, wat Holl. spoorwege in Indië gebouw het. Verder werd nog traktate van koophandel en vriendskap met Holland, België, Duitsland, Portugal en Frankrijk gesluit.

„Als staatsprokureur werd, volgens opdrag, geëngageer Dr. Leyds in plaas van Dr. Jorissen.

„Solang ons daar was werd 'n beweging op touw gesit teën die deputasie. Daarom moes die werk aan die end verhaas word. Bij terugkoms werd die volksraad da-

* Vgl. in verband hiermee die boekie toen deur die deputasie uitgegee: „Financieele Mededeelingen van de Deputatie der Z. A. Republiek”. Dit bevat 48 bls. en gee 'n duidelike oorsig van die geldelike toestand van die Republiek.

delik opgeroep en werd die werk van die deputasie met oorgrote meerderheid goedgekeur”*.

Die tog van die deputasie deur Europa het Ds. Du Toit beskrywe in sijn boek *Alweer Op Reis*. Terwyl ons die leser daarheen verwijs, moet tog hier 'n raps en daar 'n raps gegee word, sodat ons ook enigszins die reis kan meemaak.

OP DIE WATER.

Ds. Du Toit skrywe :—

“Pres. Kruger en ek had di reis al vroeger gemaak, mar genl. Smit, wat nou vir di eerste maal di reis maak, het nogal enige snaakse aanmerkings laat hoor, waar mogelijk wel wat waarheid in sit. Ver 'n staaltjie. Een dag sit ons bo op di agterskip te praat, hoe groot of di see tog is, dat ons al dag ruim 300 myle gaat, en tog nog so lank moet vaar: “Ja, seg hy, en waarom moet di Engelse nou so *ver* kom om ons te kom pla, en dan nog so diep in di hart van Afrika!” Ek seg: “dit moet u seker aan Lord Derby vra.”—Mar di ander dag praat ons o'er di sedebederf van Londen en di grote Europese stede, toen seg hy: “Né, nou is ek mar bly, dat daar so'n groot oseaan tussen ons is; nou is daar tog meer kans ver ons om bevryd te bly van di Europese *onbeskaafdheid*.”—Net so weer toen ons per spoor van Plymouth na Londen gaat, (230 myle in 6 ure tyd), en deur 'n mooi beplante streek, seg hy: “Di Engelse het mos 'n mooi mooi land; as ek so'n land het, dan sal ek nooit so *ver* gaan om andere nasies te pla ni.”

WESTMINSTER ABBEY.

Biesonder karakteristiek vir die persoon van Ds. Du Toit is hierdie meditasie in en oor Westminster Abbey, die gotiese Londense kerkgebouw, waarin Engeland se grote manne begrawe lê :—

‘Eén woord egter,—'n woord wat ek op di graf van di twe broeders John en Charles Wesly, gelees het,—is ver myn gemoed di teks gewees waarme ek di dode-gewelwe deurgeloopt het:—

“God burries His Workmen, but carries on His Work.”

(“Di Heere begraaft Syn Werkliede, mar Syn Werk set Hy voort.”)

“Ja, hier leg Koninge en Vorste,—Staatsmanne en Filantropie,—helde te land en te sé,—digters en geskiedskrywers,—manne van wetenskap en kuns;—hier leg weldoeners, wat vele trane gedroog het, evangeliebodes wat vele di lewenspad angewys het, mar hier leg ook dwingelande, sogenaamde helde, wat

* Aangaande die “intieme geskiedenis” van die deputasie het Ds. Du Toit die skrywer hiervan uitvoerige aantekeninge laat maak. Daaraan kan egter nog nie openbaarheid gegee word nie. Ons berg gevolglik die stukke op vir die nageslag.—Dis ook die geval met 'n heel aantal briewe, geskrewe deur betrokke persone en ook in ons besit.

wel beskouwd, moordenaars op grote skaal was. Ja; hier leg hulle nou, stil en rustig, di aardse geweldhebbers, wat tot segen of tot straf was ver tienduisende, wat trane gedroog, en wat bloed vergiet het; hier leg hulle met hulle planne en raadslage! En wat kon hulle uitvoer buite Gods wil? Nix!.. Hulle het perbeer om hulle eie eer te verhoog; hier is hulle eer tot stof vergaan, mar Gods ere *moes* hulle verhoog. Hulle was almaal, hoewel op verskillende maniere, Gods dienare.—Hulle het planne beraam, in Kabinetsrade, of geheime beraadslaginge, of selfs in di binnekamer,—planne wat party half volvoerd is, en party geheel verydeld,—enterwyl hulle meende dat hulle hulle *eie* planne bedenk en volvoer, was hulle al di tyd *Gods dienare*, wat net kon denk en doen wat Hy toelaat. Op Syn wenk is hulle geworde, na Syn raad het hulle gehandel en gewandel, en op Syn woord is hulle tot stof teruggekeerd.

"Ja, so begraaf di Here Syn werkliede,—hier leg 'n ganse heirleger,—mar *Syn werk set Hy vort*. Ni een word gemis ni. Di Almagtige is ni afhankelik van Syn werktuige wat Hy gebruik ni. Gen mens is onmisbaar ni.

"Hoevele van di grote en magtige, edele en ryke, slimme en geleerde, wat hier nou rus, werd ver "onmisbaar" gehou in hulle tyd. Daar slaap hulle nou en—word ni meer gemis. Di Albestuurder het andere werktuige, om Syn werk te doen en Syn wil te volbrenge.

"Waarlik, wi nog iets van sigself gedenk het, moet mar hier in Westminster Abdy 'n tydji stilstaan en nadenk... As 'n grote Wereldbestuurder di heirleger van "wyse, magtige en edele" manne en vrouwe kon begrawe sonder enige skade ver *Syn werk*,—ag, dan sal Hy my, worm, oek wel ni mis ni!... Ja, dan is dit my 'n ere dat Hy my wil gebruik, al was dit dan oek mar ver di geringste diens in Syn werk!.. Mog ek dan mar getrou wees, tot Syn eer en heerlikheid!.. Weldra sal Hy oek my in di stof des doods leg, tot di morgende der opstanding, of by Syn toekoms myn sterfelik liggaam met onsterfelikheid andoen... Wat het ek dan gedaan in Syn diens?—Wat kan bly ver di ewigheid?—Ag, in die dag, as al onse werke deur vuur beproefd sal worde, hoevele in ons oog kleine dade sal dan groot, en hoevele grote sal dan klein wees!.. Ja, dan "zullen vele eersten de laatsten zyn, en vele laatsten de eersten." "

STANDBEELDE VIR SUID-AFRIKA.

"Myn vrinde, skryf Ds. du Toit, kort tevore had ons 'n aand 'n gesprek. 'n Koerant-editeur hier in Londen het di aand by ons kom eet. Hy sê toen; hy bepleit nou in di pers en hoop eersdags in di Parlement oek te bepleit di stelling dat Engeland gen ander belang het in Suid-Afrika ni as 'n "Coaling Station" an di Kaap ver hulle skepe na Engeland.

"Ek sê hom toen: as hy di politiek deurkry, dan staat ek in dat ons hom 'n standbeeld sal oprig op watter plek van Suid-Afrika hy verkies. Daarop sê generaal Smit: "Ja ons geloof ni an *Standbeelde* ni; mar daarvoor sal hy oek 'n halfkroon gé". 'n Lekkere lag maakte 'n end hieran.

"Mar wat denk julle, seg genl. Smit toen ek hom in Westminster Abdy wys wat standbeelde doet ver nasionaliteit?

“Né, mense, dit word tyd dat ons nou oek begin om di manne wat soveel ver ons gedaan, gestry en gely het in dankbare andenking te hou by di nageslag.”

“Daarop draai hy na my toe en sê: “Mnr. du Toit jy moet my help hierin”. Ek sê: “Ja, en myn eerste hulp sal wees, dat ek ons gesprek hier sal medeel an ons vrinde in Suid-Afrika. En as ons terug is sal ek enige poging bevorder, wat strek om eerbied ver di geslag in te prent by di jeug tot opwekking van nationaliteitsgevoel.””

IN HOLLAND.

Die reis deur Holland was 'n ware triomftog. Ds. Du Toit gee in sijn boek uitvoerige koeranteverslaë, wat daarop betrekking het. Dan, so groot was die geesdrif, dat hij 'n boekie van 78 bls. kon uitgee, bevattende *Loverkransen voor Transvaal gevlochten*, d.i. gedigte wat gemaak werd op die Transvaal en die deputasie.

Van die ontvangs sê Ds. du Toit: —

“Ver omtrent 'n maand lank het ons fees gevier in Holland. Ons het 'n segetog gemaak deur Nederland soos di thans lewende geslag ni gesien het ni.

“Nouveliks was ons 'n paar dage in di pragtige hofstad, onder hartelike welcomsgroete en drukke feesvieringe, of di stroom van uitnodiginge kom so dik, dat onse dage geteld en onse ure gewoge was ver amper 'n maand vooruit, sodat ons verplig was om meteen te stop, en alle verdere uitnodiginge tot nadere beskikking te laat o'êrlê, om eers tot werk te kom.

“En dit was mar net 'n goeie plan oek,—ni alleen ver onse *werk* ni, mar oek ver onse *persone*. Want ek kan julle verseker, ons was op laas al kapot. Of, soos di Generaal seg, “di oue nasi het ons laaste murg uitgehaal”. Ja, ek het dit dikwils al baing druk gehad in myn lewe, mar nix het my nog ooit so uitgeput ni as dag na dag en uur na uur fees te vier, in di grootste drukte en opgewondenheid, ver omtrent 'n maand agtereen.

“Ek het meer as eens gedag an di Sineese gesant wat oek so feestelik ontvangte werd, en wat op 'n goeie nag somar ontvlug, en al syn besigheid in di steek gelaat het.

“Een troos had ons egter, en dit het ons gesterk: dit was 'n angename vermoienis, veroorsaak deur waaragtige belangstelling in di volk wat ons di eer het te verteenwoordig.”

Prof. De Louter skryf in sijn boekie oor die “Transvaalse Deputasie” (1884):

„De vreemdeling die in sijn vaderland behoerlik ingelicht over het spreekwoordelik Phlegma (onverskilligheid) van onze landaard, voor enige maanden Nederland bezocht heeft, zal zijne ogen nouveliks geloofd hebben, toen hij het ganse land in opschudding vond, om met woordenpraal en feestgedruis drie mannen te huldigen, die van gene zijde van de evenaar

naar het noorden waren gekomen om er de belangen van hun eigen vaderland te behartigen."

BIJ DIE DAMES.

Ons gee 'n paar staaltjies, sommige waarvan meer bepaald die persoon van Ds. Du Toit raak.

"Ons kom terug van Delft na den Haag. Op weg is 'n Dameskool, wat ek beloof het te kom besoek, op vriendelike uitnodiging van di Direktrice. Dit is al donker, want dit het alweer by di slot op di studente sociëteit langer geduur as ons gedag het. Ek hou egter woord. Onse rytuige hou stil. Ons word binne geleid. Ek maak exkuus by di bestuurderes. Sy vraag of ons ni daarom di jonge dames wil groet en 'n paar woortjies wil toespreek ni. "Heel graag," was natuurlik ons antwoord.

"Daar staat nou di kring van jonge dames en soos ons inkom sing hulle:—

"Di Vierkleur van ons dierbaar land,
Di waai weer o'er Transvaal," ens.

"Toen dit klaar was vraag di direktrice my om nou 'n woord te spreek, waartoe ek wel opgewek was deur di vrolike stemming waarin di lied gesing was, veral di vollende woorde werd met 'n welsprekende glimlag gesing:—

"Ons vraag jou, Brit, gen goed of kwaad :
Gaaf weg en laat ons bly."

"Wat ek gepraat het kan ek nou ni skrywe ni, al had ek oek di tyd. Mar di slot van myn rede herinner ek my nog heel goed:—"Almal groet kan ons ni. Mar ek stel voor dat di Generaal en ek elk an drie van di jonge dames di hand geef, en dit moet dan gelde ver almal."

"Mar, myn liwe vrinde, di toneel moes julle toen gesien het. Toen ons onse hande uitsteek, toen pak hulle dit an tot bo by di skouers. Ons groet naderhand met albei hande en albei arme.

"Nou moet ons mar *almal* groet!" seg di Generaal. En dit was, onder di indrukke, oek gaar gen onwelgevallige taak ni.

"Menige grappi liep onder di groeterydeur. Di vrolike stemming het ver di ogenblik alle skuheid weggeeneem.

"Sy is oek 'n Brit! Sy is oek 'n Brit!" roep enige my toe en wys plagend op 'n jonge Engelse skone, wat ons egter net so hartelik groet.

"Laggend en skertsend kom ons daaruit, en op di rytuige, terwyl onse President ewe prettig anmerk. "Né, ek sal oppas dat julle twe ni weer onder di dames verval ni!"

DAADWERKELIKE HULP.

"Terwyl di hele volk deelneem an di feestelike ontvangs, (aldus Ds. Du Toit) was daar manne wat intussen in stilte alle beskikbare kragte wy an onse belange, ja haas bowe vermoge sig toewy an onse saak. Vooran dien ons veral twe name te noem, Jonkheer Mr. G. J. T h. Baelaerts van Blokland, wat ons in al onse *staatkundige* belange so trou bygestaan het: wat self

syn betrekking as lid van di tweede Kamer moes lat verwaarloos om ons te help; wat vyf male na Londen gekom is om ons ter zyde te staan in Downingstraat, en ook trou met ons gestaan het tot op di end; ja wat di lange reis met ons megemaak het na Lissabon om ons hier ook te help met raad en daad; en wat in onse onderhandelinge met andere mogendhede onse regterhand was en nog steeds blyf;—en na hom moet ons noem Professor Mr. N. G. Pierson, wat weer onse *financieële* sake, met soveel toewyding en bekwaamheid van di begin af ter hand geneem het, selfs vóór ons nog in Holland was. En dat sulke manne sig geheel an onse sake toewy, seg veel, seer veel. Ni alleen dat hulle name as autoriteite gelde ni, mar dis bowedien manne wat sulke belangrike betrekkinge vervul en hulle tyd so nodig het, dat dit meer was as ons kon verweg. dat hulle so onse saak ver hulle rekening geneem het.

“Hoe kan, hoe sal ons di manne dit ooit vergelde? Né, ons kan ni. En daarom vermeld ek dit hier, dat ons volk dit kan weet, dat hulle 'n blywende dank an di manne verskuldig is.

Mar ek noem di twe om met hulle te *begin*, ni om met hulle te *eindig* ni. Né, ek sou ni alle name van medehelpers kan noem ni.”

Laat ons, bij die vermelding van die twee name, Dr. A. Kuyper sijne nie vergeet nie. Ds. Du Toit het hom reeds spesiaal genoem als die grote vriend van Suid Afrika en die Transvaal. Private briewe in ons besit bewijs ook hoe ontsaglik veel Kuyper destijds in die stilte gedaan het.

“TEL VIR MIJ TIEN AF.”

Bij die besoek van die Elandstraat Sondagskool (Amsterdam) het Ds. Du Toit 'n rede gehou. Die slotverrigtinge is interessant. Ons haal aan uit 'n verslag :—

“Vergeet bid ik u,” aldus eindigde spreker, “vergeet de Transvaal, vergeet de Transvaalse Deputatie, vergeet mij, maar vergeet nooit, dat gij lammeren van de Heere Jezus zijt en wat het zegt *“derzulken* is het Koninkrijk Gods.” Vergeet dit nooit!”

“Onbeschrijfelijk was bij klein en groot de indruk van het gesprokene, waarvan wij hier met het oog op de nodige plaatsruimte geen woord meer mogen zeggen.

De heer Looman was dan ook voorzeker *allei* tolk, toen hij de waardige “schoolopziener van Transvaal” aldus aansprak “Dank voor uw woord en de wijze, waarop ge hebt gesproken, ook voor de wens door u geuit. Slechts één opmerking, ver geef het de kinderen, dat zij ook Transvaal niet vergeten, “Oom Paul” niet vergeten, de “Vechtgeneraal” niet vergeten, en “Ds. du Toit niet vergeten; neen! neen! uw land vergeten, dat kunnen wij niet meer!”

“Het “Wilhelmus” en “Wien Neerlands bloed” werd nog door het zangkoor gezongen, waarna nog eenmaal Ds. du Toit

opstond, om nu tot aller grote verrassing op verzoek van de voorzitter nog iets te vertellen van Transvaal.

"Jongens", vroeg spreker, "waar wilt ge dat ik u iets van vertel: van de dapperheid der Transvaalse kinderen, van hunne godsvrucht, of van hunne leerzaamheid?"

"Een luid gelach ging bij alle volwassenen op toen de kinderen als uit één mond en tot groot schik van Ds. du Toit antwoordden: "Van hun dapperheid, dominé".

"Van elk dezer drie deugden gaf spreker thans één voorbeeld.

"Een Engelse officier met 25 soldaten bij zich, was het tijdens de laatste krijg om Abel Erasmus, een Transvaalse opperhoofd, te doen. Met zijn 25tal mannen verdwaald, ontmoet hij op een eenzamen weg een 12 jarige boerenjongen bij een mierenhoop gezeten, en een schietgeweer bij zich, wien hij naar de weg vraagt naar Lijdenburg. "Wat moet ge daar doen," vroeg de jongen. "Wij moeten Abel Erasmus gaan vangen."

"Zo, en hoeveel mannen hebt ge wel bij u?"

"Vijf en twintig."

"Zo, dat is te weinig, ga naar Pretoria en haal er nog vijf en twintig bij!"

"Kom, zoveel?"

"Wel," was het laatste antwoord van de moedige knaap, "tel van die 25 mannen er maar vast 10 voor mij af!"

"UW KLOEKE OPSTAND."

Eiesonder geesdriftig was die ontvangs deur Patrimonium, 'n Christ. werkhedevereniging. Dr. Kuyper was daar aan die beurt met 'n gloedvolle rede, uitgegee onder die titel *Planctus-Rede*. Ons moet noodwendig siteer:—

"Toen de droeve tijding uwer annexatie tot ons kwam, heeft oprechte droefheid om uwentwil ons hart vervuld... Maar toen hebt gij opeens dat gevoel van beklemtheid weer van ons genomen. Want hoor, daar kwam het bericht van uw kloeke opstand tot ons, geen opstand van muiterij of revolutionair verzet, maar van een opstand als ons eigen volk tot tweemaal toe op het blad zijner eigen historie heeft opgetekend. En toen bij Bronkerspruit het eerste bloed in die heilige opstand gevloeid had, was het ons te moede, als leefden de dagen van ons eigen rechtmatig verzet tegen de Filipsen eerst, en toen tegen de Napoleons weer op.

"o, Hadt ge ons toen eens van nabij kunnen bespieden, hoe we van die ure af met u meegeleefd én met u geleden en gejubeld hebben. Man, vrouw en kind vroeg maar altoos hoe het in Transvaal ging. Wie van zijn dagtaak huiswaarts keerde, keek zijn omgeving reeds aan, om in hun oog te lezen of er goede tijding was..."

NEDERLANDS EN CHRISTELIK.

En dan die pragtige slotwoorde:—

"Bewaart uw *Nederlands* karakter. Ik zeg dat niet uit wantrouwen, maar omdat ik én Englands sociale invloed aan

de Kaap, én uit eigen ervaring de neiging van het Hollands hart naar vreemde zeden ken. Dit laatste is voor een ieder openbaar, en een ieder weet, hoe nabootsing van Franse zeden, Franse mode en Franse taal, zelfs alle eeuwen door een dreigend gevaar voor ons volksbestaan heeft opgeleverd. Zulk een gevaar opgeleverd, dat zucht naar zelfstandigheid de beteren van ons volk zelfs aandreef, om met opzet, om met graagte Englands kledij en Englands levenstoon hier over te brengen... Voor u zou dit dodelik kunnen worden. Reeds nu is Englands sociale invloed aan heel de Kaap oppermachtig. Oppermachtig in de scholen, oppermachtig in de letterkunde, in levenstrant en kledij, op 't gebied van handelevenzeer als van nijverheid. En nu, Englands bataljons hebt ge op de Drakensberg overwonnen, maar zult ge ook die sluipende vijand van Englands sociale invloed met goed gevolg weerstaan kunnen! o, God geve het, maar stellig zult ge het dan alleen kunnen, als ge onverbiddelek en zonder ooit te buigen, bij uw Nederlandse landaard volhardt.

“Maar ik voeg er de bede bij: Bewaart ook even beslist uw *Christelik* karakter! Daarin lag dusver uw sterkte. Dat was 't waardoor gij bij Spitskop overwont. Eer ge optrokt, hadt ge de knieën gebogen, en in de Naam des Heeren hebt ge overmocht. En daarom, handhaaft uw *Christelik* karakter en laat van uw kloeke belijdenis voor de Naam des Heeren niet af. Een bede, die we u waarlik niet daarom brengen, alsof we van uw versterking vroegen voor de welstand onzer anti-revolutionaire partij. Neen, als we u smeken: verlooquent uw *Christelik* karakter niet!—dan is 't om u, in uw belang, om uw toekomst te verzekeren, dat ons die bede naar de lippen dringt. Dan is 't er ons om te doen, om u te bewaren voor de verdeeldheden en partijschappen die ons nu reeds zoveel jaren verzwakt hebben. Dan is 't er ons om te doen, om u te bewaren voor de verslapping, die door alle twijfel over de geest komt, en die door alle onbeslistheid in 't heilige wordt gevoed. Ja, dan is 't ook om u af te manen van die valse humaniteitsbegrippen, die tegenover de kaffers uw ondergang zouden zijn. Want dat was geen echt christelike kafferpolitiek wat Engeland deed, dat veel van vrijheid voor de kaffers riep, maar bij Ulundi en in Bechuanaland zo bitter tragies in het bloed van duizenden dat hoog geroep verstommen deed. Neen, echt *Christelike* Kafferpolitiek hebt gij gedreven, die de kaffer naamt zoals hij was, en hem allengs uit zijn laagte ophieft, om hem eens met u gelijk te maken.”

“IN DE HANDEN VAN DE BRIT.”

“En wat dit geschenk, met een “mysterie” dan is? Wat anders, Mannen, die aan 't slagveld niet vreemd zijn, dan 't mysterie van de vaderlandse *Vlag*. Neen, een *vlag* is maar niet een lap met banen, niet maar een doek met kleuren beschilderd. De *vlag* van 't vaderland is voor al wie dat vaderland liefheeft, in de ure des gevaars 't heilig teken van hereniging, de standaard waarom weer allen zich verzamelen, het bezielend symbool, dat weer de vonk van moed en geestdrift ontsteekt in 't uitgebluste hart. Wat de *vlag* in de ure van de strijd is, vraag dat maar aan de Vaandeldrager, die met wellust de laatste druppel van

z'n bloed plengt, indien hij stervend nog maar de ere van zijn vlag redden mag. Dát is 't geheimenis, dát de verborgenheid, dat 't mysterie van elk Dundoek. Er spreekt een taal uit zulk een banier, een hart uit dat doek, heel een verleden uit die wapperende kleuren. In die lieve trouwe vlag van 't eigen vaderland spreekt de stem van dat lieve vaderland zelf ons toe. En daarom welaan, ontrolt die vlag. Laat blinken onze aloude kleuren! Laat 't groen der Hope er bij schitteren. En nu dat die vlag ontrolt is, staat dan nu als een enig man op, al gij ouden en jongen van dagen en geeft met een drievoudig salvo uw "Leve Transvaal!" bij het zien van de Transvaalse vlag. (Hier brak de daverende toejuiching een ogenblik alle spreken af. En eerst toen de toejuiching een einde nam, en het zo goede muziekkorps onzer Diaconie-wezen 't Transvaalse Volkslied had uitgespeeld, kon de redenaar aldus voortgaan:

"En nu, Generaal, wil Gij tans voortreden, en sta mij toe, dat ik in naam van *Patrimonium* aan U, persoonlijk deze vlag toebetrouw, die voor het volk van Transvaal bestemd is. In die vlag schreef *Patrimonium* deze spreuk: *In God zullen wij kloeke daden doen!*—gij, veldheer met uw krijgeren, doet steeds kloeke daden in de Naam uws Gods.

"En nu, eer de vlag in uw hand overgaat, nog slechts dit éne: leg uw rechterhand in de mijne, en geef daarmee aan dit volk de gelofte, dat nooit, wat ook de toekomst brenge, *deze vlag vallen moge in de handen van de Brit.*"

'N ONDEUGENDE VERSIE.

In België was die onthaal ook hartstogtelik en uitbundig. Ons maak net van twee insidente melding:

"Di Generaal met di twe sekretarisse en enige Brusselse vrinde het di dag besté om di slagveld van Waterloo te gaan sien. Daar moes hulle o.a. natuurlik oek hulle name in 'n boek teken, en een van di lede van di geselskap was so ondeugend om langes die name in di boek di vollende versi te skrywe.

De Kinderen van Albion
Verheerlijken hun Wellington,
Omdat hij hier een veldslag won
Noodlottig voor Napoleon,
Die steeds, meest tegen d' overmacht,
De zege te behalen placht.
Doch dapper veldheer dan die Brit,
Is toch voorzeker onze S m i t,
Wiens ijzeren vuist, wiens wil van staa!,
Aan gene zijde van 't Kanaal,
Bewondering wist af te dwingen.
Vrij moogt gij uwen held bezingen:
Uw Water *l'eau* wist nimmer uit
AMAJUBA en BRONKHORSTSPRUIT.

In Antwerpen het dit schitterend toegegaan. Blijwende betekenis het die besoek om die prachtige verse van die digter Julius de Geyter, wat toen op musiek

gebrag werd deur die vlaamse kunstenaar Peter Benoit. Hier is dit met 'n mededeling daarbij :—

“ De banketzaal is wellicht de schoonste die er iewers bestaat : Ze is gebouwd op kolommen en heel en al met schilderingen versierd, in de leste 20 jaar gratis gepenseeld door onze bekwaamste artisten. Zij is als een tempel der kunst. Daar zaten 200 disgenoten bijeen, waaronder taalvrienden uit Brussel, Gent, Brugge en andere Vlaamse steden. Bij het tweede gerecht zong een uitstekend zanger een *Welkomsgroet*, die warm werd toegejuicht ; maar als daarop 400 schoolkinderen, meisjes en jongens, het betoverend lied aanhieven *In Transvaal*, met begeleiding van orkest, rezen bij elk koepel de 200 disgenoten op, om de zaal onder gejuich en gejubel te doen dreunen. Elke disgenoot had het gedicht voor zich liggen en elkeen zong mee, hetwelk luidde :

GEDICHT VAN JULIUS DE GEYTER, MUZIEK
VAN PETER BENOIT.

Opgedragen aan President KRUGER.

I.

Daar is een zucht die gloeit in ieder harte ;
Daar is een kreet die dreunt door ieder land ;
't Waait uit de vlag die wappert in de verte ;
't Vliegt met het schip dat stevent van het strand...

“Vrij zijn ! Vrij zijn !
Dreune het ook uit onze mond,
Daar op Afrikaanse grond,
Daar geen volk op 't wereldrond
Vrijer is dan wij zijn !

II.

Wie kent ze niet, de Huguenots en Geuzen !
Ze zeilden uit, op wilde volken af.
Elk werelddeel bracht schatten aan die reuzen
Wij zijn hun zoons, en zwaaien hier de staf.

“Vrij zijn ! Vrij zijn !” enz.

III.

De vijand kwam..... Ons wilde hij tot slaven.....
Te paard ! te paard ! met buksen en met lood !
Waar bleef hij, waar?—Men vrage 't aan de raven !
Langs elke weg zijn nog de rotsen rood.

“Vrij zijn ! Vrij !” enz.

IV.

Jong is de Staat, maar eikels worden bomen,
's Lands moed, 's lands eer.—o God, verlaat ons nooit :
Laat op Transvaal Uw zegen nederstroomen ;
Weze Afrika met steden eens bestrooid.....

“Vrij zijn ! Vrij zijn !” enz.

Nog 'n heerlike gedig het De Geyter toen gemaak, getiteld: de Zegetocht der Boeren. Ons is blij om dit hier aan die vergetelheid te kan ontruk :—

“ Bij Englands macht, voor Englands eer,
Rukt op naar die Boeren en trapt ze maar neer! ”
Maar de Boer heeft een hart en een buks en een paard,
En hij vliegt naar de grens, voor geen vijand vervaard.
Op bergen en rotsen slaat hij zijn kamp,
Daar wacht hij, wie komen, met schande en ramp...

“ Vrij zijn, vrij zijn! ”

Dreunt het weêr uit aller mond :

“ Dat op Afrikaanse grond,

Dat geen volk op 't wereldrond

Vrijer zij dan wij zijn! ”

O, troepje van boeren, wat waagt gij te doen?
De Britten zijn talloos, desnoods een miljoen...
Hoog is de Spitskop, de Langnek hol;
Zij strekken met lijken de bergpas vol.
Engelsen wijkt! of de dodenhoop zal
Een Spitskop worden in 't Langnekse dal.

“ Vrij zijn, vrij zijn! ” enz.

Wat zijn dan Boeren? De aloudheid alleen
Had helden als zij zijn, maar koener niet, neen!
Daar steeg uit alle oorden de jublende kreet:
“ In ketens geen volk, dat om vrijheid zo streed! ”
En de Boeren, geadeld door eenvoud en moed,
Togen weêrom als een Ridderenstoet,
“ Vrij zijn, vrij zijn! ” enz.

BIJ DIE GEKROONDE HOOFDE.

In Holland, België, Frankrijk, Portugal en Duitsland werd die deputasie deur die hoogste gesagvoerders ontvang. Ons gee net wat in Berlijn gebeur is, bij 'n Gala-diner ter ere van die Kroon-prins, wat 'n ridderorde uit Spanje ontvang het. Ds. Du Toit skrywe :—

“ Wat di Gala-Diner vir ons so belangrik gemaak het was ni di grootsheid en prag van di Duitse Hof ni; want daarin sou dit by menige mindere hof, byv. van Spanje, ver moet agterstaan. Né, juis di gemis van veul ydel vertoon wat jy an andere houe vind, gaf an di Duitse Hof 'n ernstiger voorkom, wat wel enigsins o'ereenkom met di wapenspreuk van di Keiser; “ Ich und mein Haus wollen dem Herrn dienen. ”

“ Né, wat vir ons di resepsi en eetmaal so belangrik gemaak het, was di gulle kans om daar Duitslands grote manne te ontmoet, viral di *gryse Drimanskap*: Keiser Wilhelm, Vorst von Bismarck en Graaf von Moltke.

“ Ons seg, di *gryse Drimanskap*; want di 3 manne, wat di nuwe Duitse Keiserryk opgebou het, is al dri al hoog bejaard. Di Keiser en syn Veldmaarskalk van Moltke is albei al ver o'er di 80 jaar, en Vorst von Bismarck diep in di 70. En tog lyk

Bismarck ruim so oud as di ander twé, wat hulle jare goed draag, en nog reg op is.

"Dit herinner my an 'n vertelsel. Keiser Wilhelm vraag een dag an Bismarck hoe hy dan so ouelik word; hoewel hy amper 10 jare jonger is, lyk hy al haas net so oud as di Keiser. Waarop Bismarck snedig antwoord; "Ja, Majesteit; mar 'n ryperd geef oek gewoonlik eerder op as di ruitser....."

"En dit is seker. As 'n mens bedenk hoe Bismarck di laste van di hele Duitse Ryk draag, dan is dit gen wonder, dat syn grote, rysige gestalte wat vooro'er gebuig is ni. Mar andere wyt syn veroudering an syn wat uitspattende lewensaard; iets wat oek verskoonlik is in 'imand, wat soveel moet peins en denk, as hy dan los kom.

"Ons seg so ewe, Keiser Wilhelm draag syn jare goed. Dit kon ons ondervinde by ons ontvangs an di Hof. Toen ons ankom, kom Bismarck self ons by di deur inhaal. Hy is 'n grote man, wat vooro'er, met oge wat vooruit; o'er geheel het hy gen aangenaam voorkom ni. Mar hy is so eie in maniere, dat dit weer alles reg maak.

"Hy lei ons toen in na 'n aparte saal, waar di Keiser ons ontvang. Wilhelm syn persoonlike voorkom is weer teleurstellend in 'n ander opsig. Voliens syn portret sou 'n mens 'n grote, fiere gestalte verwag. Mar né, di Keiser is mar 'n korte man, van nauweliks 'n middelbare gestalte.

"Di President bedank di Keiser, dat hy ons di ontvangs verleen het;—geef te kenne dat hy self van Duitse afkoms is, soos 'n groot deel van ons volk;—en druk di hoop uit van goeie verhouding tussen di grote Duitse Ryk en di kleine Republiek, wat hier soos 'n kind staat te'eno'er 'n grote man.

"Di Keiser lees syn antwoord, sonder bril, wat ons hartelik welkom heet, en genoegte uitdruk met 'n te sluite Vrindskaps-traktaat.

"Nou na di grote Resepsisaal, waar, soos gewoonlik klompies staan en praat. Ons neem in 'n ry plaas, en te midde van al di skitterende uniforme, blink ons te meer uit met ons eenvoudige, swart manelle; di President had net syn serp daarby. En tog trek di hoek di andag. Om di beurt kom di vernaamste persone met ons kennis maak en wat praat. Daaronder was di Kroonprins wel een van di vernaamste; hy het twé- of drimaal met ons kom praat.

"Toen na di tafel. Di President en ek sit naas Bismarck; ek moet tolk, soms deurmiddel van Duits, meer deur Engels, terwyl Bismarck oek wel wat van Hollans verstaat, deur sijn kennis van plat-Duits.

"Na di ete weer wat in die resepsisaal. Daar nog met een en ander staan praat. Eindelik geef di Keiser di sein van vertrek, deur sig met 'n buig te verwyder en elkeen gaat sijn weegs."

Hier moet ons ophou. Wat het Ds. Du Toit dikwels sijn huisgesin 'n hele aand gesellig besiggehou met episodes te vertel uit hierdie Europese reis!

Bijvoorbeeld. Genl. Smit maak die opmerking.

dat hij nooit g'n katte sien nie. Ds. Du Toit sê: dis omdat hul in die restaurants als stoofvlijs opgedis word. En jawel, daar krij die generaal eendag 'n gestoofde katpoot op sijn bord! Dit was namelik in 'n restaurant, waar hul dikwels ge-eet het. Maar die generaal het gouw uitgevind dat Ds. Du Toit en 'n waiters eers die koppe bij mekaar gesteek het!

'n Ander voorbeeld. Die deputasie word ontvang deur die Portugése hof. Elkeen moet met 'n dame gearmd stap uit die resepsiekamer naar die eetsaal. Die President moet voorop met die Portugése koningin, wat net Portugees ken. Genl. Smit agteraan—idem, idem. Ds. Du Toit het sig egter gered deur 'n hof-dame te versoek wat Engels ken. Terwyl hul so in stilte agter mekaar deur die lange gang marseer, kijk genl. Smit om met die fluisterende opmerking aan die adres van Ds. Du Toit: "mijn lieve vrede: wat 'n lijkstasie!"

DS. DŪ TOIT ALS REISIGER.

Aan die end van "Alweer Op Reis" kom 'n stukkie voor, waarin Ds. Du Toit sijn siel oopmaak en ons geleënheid gee om in sijn binnenste in te gluur. Dit geskied naar aanleiding van sijn vele reise, en dis met-een n waardige slot vir hierdie hoofstuk:—

"Waarde Vrinde.—Hier sit ek nou, by di sameloop van Riet- en Modderrivier, voor 'n volle stroom. Dis Maandag morge; van Vrydag af wag ons al hier, dat di water moet sak, en nog kan ons ni deur ni. 'n Hele plaat wagens staat an weerskante te wag. Di wind waai so koud en di stof warl so, dat ek selfs ni by di vuur kan sit ni, en mar in di wa moet vlug. Wat nou gedaan? Van lees is ek al moeg. Nou mar myn skryfsak uitgehaal en myn reissketse vervolg.

"Nou toen ek bo by myn bejaarde moeder was, seg sy an my: "Ag myn kind! wat is dit tog, dat julle so swerf o'er di aarde?...Jou o'erlede vader en ek het altyd hier mar stil an di Dal gewoon, en ons lewe hier geslyt, en julle word nooit moeg van reis ni."

"Ja ma!" was myn antwoord. "Ek glo dat mar min Afrikaners ondervinde het wat ek al moes deurgaen. Ek het al gereis o'er see en land,—op riviere en strome,—op skepe en op omnibusse,—op spoortreine en op donkeys. Ek het geloeser in deftigste hotels en in tente;—ek het geëet by konings en geslaap by matrose....."

"En waarom dan?—Omdat dit myn lus is?—Né, ek is onvrymoedig van aard; dit weet ma; so was ek van jongs af. En dan huiselik van aard; daar is vir my nix mooier op aarde ni as om stil tuis te sit.....En tog moet ek soveel swerwe. Byna myn hele lewe deur. As al myn reise agter maaar geset word, dan was ek al seker dri of viermaal di aardbol om....."

“ Mar dis 'n bewys, dat 'n mens ni syn eie weg kan kies ni. Ek word geleid deur 'n Hogere hand. Ek volg mar di leiding. En hoe oek di paje van Gods kindere slinger o'er di aarde, eenmaal loop al di wege ineen voor Gods troon. Nou moet ons mar bly wees as ons op di kruispaje 'n ogenblik same wat kan uitrus en spreek van ons vreemdelingskap. Mar eenmaal sal ons alte lekker uitrus onder di ' Boom des Lewens,' an di Rivier van di ' Water des Lewens,' in di Nuwe Jerusalem. Dan sal ons “ de stem des dryvers ” ni meer hoor ni, en als ons dan nog uitgaan sal di Lam self ons lei an “ de levende fonteinen der wateren.”—

“ Myn gesprek met myn moeder had 'n ernstige stemming veroorsaak, en ons albei tot swygende owerpeinsing gebring, waaran sy 'n end maak met di versugting; “ Ja, myn kind, **mog gen één** van ons mar daar gemis worde ni.”

“ 'n Sug,—'n traan,—'n kus,—maak 'n end an di gesprek.

“ Ek dink toen na: Ja, myn liwe, vrome moeder het gelyk. Ek *het* tog al wat geswerf o'er di aarde.

“ En denk eens, leser, in myn laaste skets het ek perbeer om julle wat te vertel van di fraaie natuur in Portugal. Mar bedenk vlugtig met my di pad wat ek al na di tyd afgeleg het tot waar ek nou sit.

“ Van Lissabon terug, deur Spanje, Frankrijk en Belgie, .. na Holland. *Vandaar na Duitsland. Weer terug na Holland, en o'er Engeland terug na di Kaap. Verder na Transvaal. Voor di Volksraad verslag gedaan van onse sending. Na Stellaland en Gosen, met Vrywilligers en Kafferkapteins Traktate gesluit. Transvaal in lengte en breedte deurreis en di skole geinspekter. Weer na di Paarl om te trou, en nou alweer op terugreis na Transvaal.”.....

Laat ons hier aan die end nog vermeld, dat Ds. Du Toit gedurende die reis benoemd werd tot lid van die geografiese genootskap van Portugal en Frankrijk.